

# Waar lê die waarheid?

Ek sit anderdag en blaai deur 'n Christelike glanstydskrif. Dis nie iets wat ek normaalweg doen nie. Dalk is dít die rede hoekom dit my so opval: al die glimlaggende gesigte en opskrifte met uitroeptekens. Toe ek die tydskrif ná 'n paar minute neersit, voel ek lus om te skree. Soos die onderwyseres wat nie 'n vrolike bytjie op die personeel kon hanteer nie. Toe brom sy: "For heaven's sake, stop being so merry!"

Ek sit die tydskrif met 'n sug neer, bo-op die koerant, en daarin is presies die teenoorgestelde aan die orde. Die een berig ná die ander basuin dit uit: rampe en ellende, moord en korrupsie en wanbestuur. Later is ek lus om my kop iewers in 'n gat te druk en te skree: "Los my net uit!"

Terug voor my rekenaar maak ek facebook oop, net om te lees hoe ateïste en Christene mekaar aanvat oor wie nou kwansuis die waarheid perfek beet het. Dié debat gaan al vir jare aan, en die hartseer is dat niemand juis tot ander insigte gebring word deur die debat nie. Al wat uiteindelik gebeur, is dat dit in 'n moddergooiery en slegsêery ontaard.

## Die lewe is nie eenvoudig nie

Ons lewe nou eenmaal in 'n wêreld van kontraste. In dié wêreld moet ons ons weg vind, ook wat geloof betref. En dis nie so eenvoudig soos party hipervroom facebookers dit wil voorstel nie. Jy kry mos die mense vir wie alles glashelder duidelik is, en dit gaan hulle verstand te bowe dat enige iemand van hom of haar kan verskil of enigsins anders na 'n saak kan kyk.

Die lewe is helaas nié so eenvoudig nie. Geloof is nie so eenvoudig nie. Geloof is per slot van rekening 'n saak van ... gelóóf, nie aanskoue nie. Dit moet gegló word, nie bewys word nie. Om te stry oor wie reg is en wie verkeerd is, is werklik sinloos. Dis 'n vervlakking van 'n baie persoonlike en intieme proses waarmee elke gelowige van tyd tot tyd worstel. As jy nog nooit gewonder het oor God en of daar régtig 'n lewe na die dood is nie, is jy gelukkig, maar dit beteken ongelukkig dat jy waarskynlik nog nooit baie eerlik en diep oor dié dinge gedink het nie.

*Ek weet nie of ek glo nie, maar ek weet in Wie ek glo, en Hy sal my nie los nie.*

Ek sê nie ons kan nie met sekerhede leef nie. Natúúrlík het ons sekerhede. Ons leef immers met die Bybel en die troos van die Heilige Gees, wat ons telkens verras met nuwe beloftes, nuwe hoop, nuwe insig. Maar dis 'n ander soort sekerheid as dit wat die wetenskap jou bied. Dit bly gelóófsekerheid, waarop jy vertrou, maar wat jy nie kan bewys nie. Jy kan ook nie iemand anders tot insig dwing daarmee nie. Dis 'n sekerheid wat geanker is in 'n Persoon. Paul Althaus het hieroor gesê: "Ek weet nie of ek glo nie, maar ek weet in Wie ek glo, en Hy sal my nie los nie." Dis 'n sekerheid wat berus op vertroue, op 'n verhouding. Dit werk nie met bewyse nie.

## **Beskeie**

Daarom pas dit ons nie om vol bravade en meerderwaardigheid neer te sien op almal wat anders as ons dink en glo nie. Dit pas ons eerder om beskeie te wees, en diep dankbaar dat ons begenadig is om te kan glo, nie omdat ons sulke wonderlike mense is nie, maar omdat God in sy groot liefde ons voorgekeer het.

Die laaste twee aspekte van die vrug van die Gees wat Paulus in [Galasiërs 5:22-23](#) beskryf, is nederigheid en selfbeheersing. In 'n wêreld vol kontraste en waar te veel mense daarop aanspraak maak dat hulle kwansuis presies die waarheid beet het, sal hierdie twee aspekte van Geesvervuldheid ons help om met minzaamheid getuies te wees van die hoop wat in ons leef (vgl [1 Petrus 3:15-16](#)).

Mag jy daagliks jou weg agter die Waarheid aan vind, al is dit soms strompelend (hoe dan ook anders?). En steeds bly glo dat dit - Hý - die enigste Weg is.